

7 April

Skrifgedeelte: 3 Johannes:1-15

Fokusgedeelte: 3 Johannes:9-10

Die ek-eerste-gesindheid (1)

Die ek-eerste-gesindheid wat Diotrefes geopenbaar het, het gevolge ingehou veral vir die manier waarop hy teenoor die gemeente opgetree het. In vers 10 lees ons van slegte woorde wat Diotrefes kwytgeraak het. Dié slegte woorde kan ook beteken "om iemand te beskuldig", nie sin te maak nie" of "om op 'n dwase wyse te praat omdat alle feite nie in ag geneem is nie". Die jaloesie van Diotrefes teenoor die evangelieverkondigers moes iewers tot uiting kom. Dit kan vergelyk word met 'n vulkaan wat opbou totdat dit tot uitbarsting kom. Gewoonlik geskied die uitbarsting deur 'n stortvloed van afbrekende woorde. Hieruit leer ons dat 'n mens die vulkaan van 'n ek-eerste-gesindheid van ver af kan hoor vanweë allerlei kwaadwillige gesprekke en kwetsende woorde. Die maklikste manier om ander by te kom, is om hulle onder verdenking te plaas en verdag te maak. Dit geskied dikwels agter 'n mens se rug. Die enigste manier vir 'n jaloerse mens om eerste te wees, is om ander te verneder en in 'n slegte lig te stel. Die gevaar om in alles eerste te wil wees, beïnvloed my verhouding teenoor my huweliksmaat, my kollegas en medegelowiges.

Die slegte woorde het in Diotrefes se lewe oorgegaan tot slegte daade. Hy was nie tevrede met net slegte woorde teenoor sy medebroeders nie. Hy wou toesien dat niemand gasvryheid bewys nie. Hy het diegene wat gasvryheid betoon het, selfs uit die gemeente verban. Die slegte woorde en daade was alles die gevolg van 'n ek-eerste-gesindheid. In vers 11 word Diotrefes se woorde en daade in die regte perspektief gestel. Hy het met sy optrede bewys dat hy nie uit God is nie. Ons lees dat hulle wat volhard in kwaaddoen, God nie gesien het nie. Hoe word God gesien? God word gesien in en deur Jesus Christus (Joh 14:9). Laat ons dit anders stel. Hulle wat God deur die geloof in Jesus Christus navolg, sien Hom. Die dankbare gelowige moet in sy woorde en werke toon dat hy 'n kind van God is.

Sing: Psalm 133:1 (1936-beryming) Dr FP Kruger (Thabazimbi)